

28 Julie

**Skrifgedeelte: Psalms 51
Fokusgedeelte: Psalms 51:19**

Kom met egte berou na die genadige God!

Droefheid en hartseer is nie vir ons onbekende ervarings nie - droefheid oor iemand wat dood is, oor 'n verbreekte verhouding, 'n mislukte eksamen. Beleef ons egter ook droefheid oor ons sondes? Hoe ervaar ons dit as ons in sonde val?

Gebeur daar in ons iets soos in Dawid, die magtige en beroemde koning van Israel, na sy owerspel en moord? Maak ons sonde ons klein en nederig voor die grote en heilige God? Is ons binneste gebroke en verslae wanneer sonde ons in sy magsgreep kry? Is ons bedroef en hartseer oor ons opstandigheid teenoor die Here – ons keuses vir die duiwel en teen die lewende God? Is ons harte werklik stukkend wanneer ons die opdragte van die Here ignoreer? Wanneer ons naby en intiem aan God lewe, vernuwe sy Heilige Gees ons van binne sodat ons eerlik na ons sondes kyk en dit met diepe droefheid teenoor die Here erken. Dis wat die Here van ons vra. Die gevaar is dat ons gewoon raak aan ons sondes. Dit word bekende patrone wat ons later as deel van onself sien. Of dalk nog erger – ons verwyf die Here wat ons dan so gemaak het met hierdie spesifieke oortredingsfoute.

Die wonderlike en troosryke boodskap van Psalm 51 is dat God niemand afwys wat nederig en vol berou na Hom toe kom nie. Hy ontmoet elke berouvolle sondaar met genade, liefdevolle barmhartigheid en vergifnis. Wonderlik klink die woorde van Jesus in Johannes 6:37: “Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie.” Mag hierdie woorde vir jou vandag en elke dag van jou lewe vul met ware blydschap en diepe vreugde!

Sing: Psalm 130:1,2

Ds L du P van der Vyver (Roodepoort)